Tekste: 1 Tessalonisense 4: 13, 1983; Johannes 5: 24, 1983; Johannes 11: 25, 1983; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Romeine 1: 7, 1983).
Fokus teks: Spreuke 3: 5-6
Liedere: Gesang 582: 1 en 5; Gesang 602: 1 en 3.

---

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

Die wederopstanding van die vlees, en 'n ewige lewe.

BEGRAFNISBRIEF:

In Liefdevolle Herinneringe Aan Elizebeth Magrieta Piek

Gebore : 23 Mei 1929 Oorlede : 01 Julie 2025

Haar heengaan word diep betreur deur haar Dogter, Kleinkinders, Agter kleinkinders, Agter-agterkleinkinders, Familie, Vriende en gemeente.

VOTUM:

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word (1 Petrus 1: 3-4, 1983).

SEËN:

Aan almal wat God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort: Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus (Romeine 1:7, 1983).

SANG: Gesang 582: 1 en 5

PREEK:

Tekste: 1 Tessalonisense 4: 13, 1983; Johannes 5: 24, 1983; Johannes 11: 25, 1983; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Romeine 1: 7, 1983).
Fokus teks: Spreuke 3: 5-6
Liedere: Gesang 582: 1 en 5; Gesang 602: 1 en 3.

---

Tannie Bessie Piek was ons gemeente se oudste lidmaat. Sy was altyd vriendelik en gasvry met huisbesoek. Sy was positief en lief vir die gemeente, al kon sy vir jare nie meer self by die kerk uitkom nie. Elke jaar was sy die heel eerste lidmaat wat ek besoek het.

Toe die familie my skakel om te sê ouma Bessie het sag heengegaan het ons ook vandag se reëlings begin tref. Dit is my gewoonte om te vra vir ‘n teksvers en liedere wat hulle wil sing. Ria was dadelik gereed met Spreuke 3: 5-6 en die liedere wat ons vanmore saam sing.

Die Bybelboek Spreuke is een van die mees geliefde boeke in die Ou Testament. Spreuke vorm deel van twee ander boeke in die Ou Testament wat bekend is as Wysheidliteratuur. Hierdie boeke is: Spreuke, Job en Prediker.

Dit is ’n versameling wysheidsuitsprake, lewenslesse en kort, kernagtige sêgoed wat oor eeue heen gevorm is om mense te onderrig in die regte lewenshouding en

lewenskuns, met ander woorde hoe lyk ‘n gelowiges se lewensuitkyk en lewenspatrone.

Die hoofdoel van Spreuke is nie om akademiese kennis oor te dra nie, maar om praktiese insig te gee oor hoe om verstandig, regverdig en eerlik te leef – ’n lewe wat eer bring aan God en vrede bring tussen mense.

Tradisioneel word koning Salomo as die hoofskrywer en versamelaar van baie van die spreuke beskou. Die Bybel self sê in Spreuke 1:1: “Hier volg die spreuke van Salomo, seun van Dawid, koning van Israel.” Tog bevat die boek ook uitsprake van ander wysgere soos Agur en Lemuel. Hierdie wyshede is oor verskeie eeue versamel en geredigeer, wat Spreuke ’n ryke en diverse karakter gee.

Die temas van Spreuke is so wyd soos die Here se genade self: dit spreek tot sake soos eerlikheid, luiheid, woede, trots, vriendskap, die huwelik, geld en selfs hoe om jou woorde reg te gebruik.

Bo alles is daar egter een sentrale tema wat alles verbind: "Die vrees van die Here is die begin van wysheid" (Spreuke 1:7). Hierdie "vrees" is nie 'n bang wees vir God nie, maar eerder 'n diepe respek, ontsag en toewyding aan Hom. Dit is die beginpunt en die fondament van alle ware wysheid. Dit is die beginpunt en die fondament van alle verhoudings.

Spreuke gebruik baie beeldspraak, parallelle gedagtes en kontraste om waarhede vas te lê in die geheue van die leser. Dit is 'n feit, mense onthou prentjie en stories baie langer as woorde.

Deur eenvoudige, kort stellings skets dit lewenslesse wat dikwels deur die eeue universeel waar gebly het. 'n Spreuk kan byvoorbeeld sê: "'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat woede opvlam" (Spreuke 15:1). Sulke woorde is tydloos, eenvoudig en tog diep wys. Dit is tot vandag toe nog waar en daarom behoort ons te waak teen harde woorde wat

mense emosioneel en geestelike deurboor ~ gewond laat vir altyd.

Vir die gelowige vandag bied Spreuke nie net praktiese raad vir alledaagse situasies nie, maar nooi dit ook uit tot ’n lewe van wysheid, nederigheid en regverdigheid. Dit herinner ons daaraan dat wysheid nie bloot in kennis of ouderdom lê nie, maar in ’n hart wat God eerste stel in alle dinge. Deur Spreuke leer ons om met insig, selfbeheersing en liefde in ’n uitdagende wêreld met verlies, hartseer, beproewing, aanvegting, dood ens. te leef – en om in alles te vra: wat bring eer aan God? Wat is God se wil in al hierdie ervaringe, ook die van vandag.

SKRIFESING: Spreuke 3: 5-6, 1993
5 Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.
6 Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Tekste: 1 Tessalonisense 4: 13, 1983; Johannes 5: 24, 1983; Johannes 11: 25, 1983; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Romeine 1: 7, 1983).
Fokus teks: Spreuke 3: 5-6
Liedere: Gesang 582: 1 en 5; Gesang 602: 1 en 3.

---

Prof. Stephan Joubert sê hierdie week iewers op sosiale media ons moenie Bybel lees om in die eerste plek te hoor wat daarin vir my is nie. Ons moet in die eerste plek Bybel lees om te hoor wat dit van God sê.

In nederigheid moet ons dan eerste uit hierdie teks hoor wat dit van God sê:

- Ons kan op God vertrou.
- Ons kan op God staatmaak.
- Hy ken alles wat ons doen.
- Hy lei ons op die regte pad.

Vir ons wat hierdie woorde vandag ontvang lê daar geweldige troos in opgesluit. Oor jare se huisbesoek by tannie Bessie Piek het ek na haar stories van die lewe geluister. Noukeurig het sy dit onthou en met dankbaarheid oorvertel. Natuurlik het die gedagtes later jare begin dwaal en soms self weggeraak.

Eintlik was dit nie net familie stories nie, maar ook God-stories. Deur die jare het die lewe met die familie gebeur,

daar was nie net hoogtepunte nie, maar ook moeilike (swaar / uitdagende) tye. Dit is dan wanneer die familie stories God-stories geword het, want daar is oorvertel hoe daar telkens op God vertrou is om die uitkoms en die nuwe pad aan te dui. En God was altyd getrou. Ons wat agterbly kan hieruit leer, ons hoor vanmore weer dat ons vir vandag, more, oormore en elke ander dag op God kan vertrou.

Ons kan met alle sekerheid op God staatmaak. Hy bring altyd weer 'n glimlag na die trane. Hy vul ons altyd weer met Sy Gees. Natuurlik nie op ons tyd, plek en manier nie. Daarom bid ons immers die Onse Vader ~ laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

As jy God liefhet met jou hele hart, al jou krag en jou hele verstand, soos wat Jesus self ons geleer het sal dit vir ons 'n troos wees dat God alles van ons weet. Dit sal ons troos dat Hy weet en verstaan hoe elkeen van ons die verlies van tannie Bessie Piek ervaar en voel. Hy ken ons

diepste binneste seer en gemis, en daarom sal Hy vir genees en heelmaak.

Ons sluit af met die laaste wysheid oor God wat ons in ons Spreuke teks aantref. God lei ons op die regte pad. Wat is die regte pad? Die regte pad is God se pad. Die regte pad is ook meer, dit is ‘n pad saam met God. ‘n Pad waarop ek nooit alleen is nie. Dit is meer as God wat saam met ons op hierdie pad loop. Dit is God wat jou en my uitnooi om die pad saam met Hom te wandel. Op Sy terme en sy voorwaardes.

Mag ons saam wees vanmore ons harte en lewens aanraak. Ons herdenk en gedenk tannie Bessie Piek se lewe en die impak daarvan op ons eie lewens. Daarmee vier ons haar lewe. Ons hoor en onthou weer: ons kan op God vertrou / ons kan op God staatmaak / Hy ken alles wat ons doen / en Hy lei ons op die regte pad.

Amen.

GEBED:

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

SANG: Gesang 602: 1 en 3

BEDANKINGS:

- Baie dankie aan ER24 vir jul professionele hulp telefonies en bystand by die huis.
- Dankie aan Martins Begrafnisdienste vir al hul reëlings.
- Dankie aan Dr Krog vir al die hulp elke keer as ons ouma na hom toe moes neem.

- Dankie aan Dr Hannes Janse van Rensburg.
- Dankie aan die susters van die Hervormde Kerk Zuurfontein vir hul hulp.
- Dankie aan die kleindogters, met behulp van al die reëlings
- Dankie aan almal wat hier teenwoordig is.
- Dankie vir Karien dat jy altyd by ouma Bessie kom slaap het sodat ouma Ria hulle bietjie kon uitkom en elke keer wat ouma net saam met jou dr toe wou gaan.
- Dankie aan al die familie en vriende wat altyd vir ouma kom hallo sê het en ‘n tydjie met haar spandeer het.
- ‘n Spesiale dankie aan Dawie en Ria wat altyd daar was vir hulle mammie. Van die kleinkinders af wil ons se baie, baie dankie aan Mamma, ons weet mamma het altyd reg gestaan vir ouma, en ons kon nie vir ‘n beter persoon gevra het om ouma tot die einde by te staan nie. Dankie vir al die opofferings wat julle gemaak het sodat ouma net altyd gelukkig en gemaklik kon wees.

BEGRAFNISFORMULE:

Wanneer ons geliefdes sterwe, bely ons terselfdertyd dat Jesus Christus vir ons gesterf het.

Deur Christus se dood het ons saam met Hom die graf ingegaan en deur sy opstanding het ons saam met Hom die dood oorwin (Rom. 6:5).

Omdat Christus opgestaan het, is ons eie opstanding ‘n werklikheid.

Jesus was dood, en kyk, Hy lewe tot in alle ewigheid.

Hy is die Eerste en die Laaste en die Lewende.

Hy is die Oorwinnaar oor die dood (Open. 1:18).

In hierdie geloof neem ons nou afskeid van tannie Bessie Piek.

Amen

WEGSENDING (Seëngroet):

Die Here sal ons seën en ons beskerm; die Here sal tot ons redding verskyn en ons genadig wees; die Here sal ons gebede verhoor en aan ons vrede gee (Ääronitiese seën, Numeri 6: 24-26).